



In hierdie uitgawe:

- ◆ *Woord deur die Voorsitter* p1
- ◆ *Deur watter bril word grondwetlike waardes bevorder?* p3
- ◆ *Linkse ideologie opgesom in 12 O's* p5
- ◆ *Die demografie van wit Afrikaanssprekendes* p8
- ◆ *"Arrogante wittes", rassiste en tsotsi's* p10
- ◆ *Swartland byeenkoms - Afrikaans in die weegskaal* p11
- ◆ *Brokkies en gelukwense* p12

Woord deur die voorsitter

Deur Jaco Schoeman, Voorsitter van die Nasionale Raad

Augustus is Taalmaand en was dit hierdie jaar nie anders nie. Taalregte is egter onder druk en taalvryheid word deur die huidige Regering en instellings vertrap en is dit daarom nie vreemd dat Taalmaand 2017 baie meer intens beleef is nie.

Die aandag was veral gevestig op die taalstryd tussen *Gelyke Kanse* en die *Universiteit van Stellenbosch* oor die gebruik van Afrikaans by hierdie universiteit. Dit het groot belangstelling getrek en intense meelewing vereis en word die uitkoms daarvan fyn dopgehou.

Die Afrikaanse Taalraad (ATR) het op 19 Augustus 2017 sy jaarvergadering gehou en is ons by die Nasionale Raad van die AB in die wolke dat ons nominasie, en lid van die NR dr. Louis du Plessis verkies is op die direksie van die ATR. My persoonlike gelukwense aan hom en al die ander lede wat tot die direksie verkies is en my beste wense vir die werksaamhede van hierdie Raad vir die volgende termyn. Ek is oortuig dat Louis du Plessis by uitstek uitgeknip is vir hierdie taak en n groot rol gaan speel in die handhaaf en bou van Afrikaans.



In my buurdorp, Burgersdorp, waar die eerste Taalmonument pryk, met die beeld van 'n vrou, die dogter van oom Daantjie van den Heever as simbool van die oorwinning van 'n taal, was daar reeds 'n lewendige taalstryd sedert middel 1860's. Daar word vermeld in die "Patriot" van 1881 "As die Paarl die Mekka van die Afrikanerdom genoem word, dan is Burgersdorp seker die Medina daarvan" In Teenstelling met onse Jan se "Zuid Afrikaansche Boeren Beschermsvereniging" wat hom nie met die politiek wou inlaat nie was dit die "doods onverskilligheid" van die Afrikanerboere t.o.v politiek, wat die "Albertsche (Burgersdorp) Boeren Beschermsvereniging (ABBV) genoop het om insluitend tot die taal ook aan politieke regte aandag te gee.. (Aanhalings Uit D H Cilliers se ALBERT se aandeel in die Afrikaanse beweging tot 1900 uitgegee deur die Burgersdorpse Selkomitee 1982)

Die eerste Taalmonument is op 18 Mei 1893 onthul, maar is tydens die Anglo Boereoorlog deur Britse magte geskend en verniel, die dogter se kop is afgebreek, dele daarvan is in King Williamstown begrawe en die res deur lord Milner ontruim. Na besware en protes het die Britse regering 'n replika geskenk wat op 25 Mei 1907

(Vervolg op p2)

As Afrikaners bou ons saam aan die toekoms van Suid-Afrika

Woord deur die Voorsitter (verv)

deur pres M T Steyn en D F Malherbe onthul is. Die oorspronklike is in 1939 opgespoor en in 1957 weer op sy plek laat staan, steeds sonder kop en neffens die replika.

Dit is daarom nie vreemd dat tydens die Anglo Boereoorlog hierdie “brandpunt van uiterste Afrikanisme” die kern gevorm het van die Rebelle van die Stormberge wat ‘n groot rol gespeel het in die “Swart Week” toe die Engelse magte bykans gebreek is nie. Boeremagte het Aliwal Noord, Burgersdorp, Jamestown, Barkly-Oos en die Stormberg spoorwegaansluiting oorgeneem en genl.-maj. Catacre op 26 November 1899 deur 1700 man op sy knie gedwing. Sondag breek aan, die boere eerbiedig die heilige dag met die waardigheid wat dit verdien en dien nie die genadeslag toe nie en die Engelse onstap. Die laaste kans om een van die vernaamste roetes waarmee Engelse troepe na die Noorde verskuif kon word te vernietig, bly oop en neem die Anglo Boereoorlog ‘n nuwe wending waarvoor ‘n dure prys betaal is en die vryheidstryd met dekades verleng is. **Die bal is laat val.**

Dit blyk ‘n gewoonte van die Afrikaner te wees om die bal te laat val –op kritieke oomblikke van sy stryd om vryheid - wat hom dikwels baie duur te staan kom.

Augustus 2017 sal ook onthou word vir die Rooi Springboktrui. Vir Suid-Afrikaners was dit ‘n baie kenmerkende rooi wat gedurende hierdie jaar woelig was, ook in die parlement. ‘n Opmerking tydens die wedstryd van een van my meer siniese vriende was dat dit lekker is “om darem n skrumpt te sien en nie rooi barette wanneer geel en rooi kaarte uitgedeel word vir ontoelaatbare “spel” nie.”

Daar was bykans ‘n keerpunt in die wedstryd toe die bal deur die Argentynse afgeskop is, in die lug bly hang het en toe die bal deur die Suid Afrikaners laat val is en die opposisie punte aangeteken het.

Dit blyk ‘n gewoonte van die Afrikaner te wees om die bal te laat val –op kritieke oomblikke van sy stryd om vryheid - wat hom dikwels baie duur te staan kom. Die Afrikaner se vryheidsdrang het hom nog altyd aangevuur. Al het dit soms in die verlede daartoe gelei dat die drang so oorweldigend was dat dit ander se Vryheid kon beperk, kan ons nie daardie dryfkrag smoor nie. Uit die geskiedenis is ons miskien van die min wat geleer het dat dié kleinood so beskerm en uitgeleef moet word dat dit nie ander tot nadeel strek nie maar dat ons self daardie roeping ten volle wil uitleef en terselfdertyd geen onderdrukking daarvan kan of mag duld nie. Dus Vryheid in Gebondenheid!

Dit was met hierdie kosbare kleinood in die hand dat die Afrikanerbond hom in die vroeë 80’s beywer het om aan alle Suid-Afrikaners die geleentheid te bied om vryheid te smaak. ‘n Nuwe grondwet het in 1994 afgeskop, gelyke kanse is gestel om in ‘n demokratiese bestel vryheid uit te leef binne hierdie grondwet, maar die bal is laat val.

Dit bly verrassend dat Afrikaners wat die hoogste prys vir vryheid betaal het, dit duur gekoop het met opofferings oor baie geslagte, so maklik daardie selfde vryheid goedsmoeds kan weg offer op die altare van politieke gediensdigheid. Die bal wat laat val is moet nou weer met groot opoffering en teen ‘n geweldige persoonlike koste in ‘n nuwe stryd om vryheid aangenoop word. ‘n Bal wat laat val is, word deur opposisie opgepik en tot hul voordeel gebruik.

Deur ‘n valse gerustheid, ‘n slapte en soms ‘n arrogansie, swak verdediging en powere aanvalslyne in die politieke korrekte gemaksones, was die redes waarom die geleentheid wat met die nuwe grondwet aangebreek het, nie gespeel is nie.

Deur ‘n valse gerustheid, ‘n slapte en soms ‘n arrogansie, swak verdediging en powere aanvalslyne in die politieke korrekte gemaksones, was die redes waarom die geleentheid wat met die nuwe grondwet aangebreek het, nie gespeel is nie. Die bal is gegryp deur rewolusionêre magte wat ‘n rewolusionêre spelpatroon afdwing en sodoende Afrikaner vryheid inperk.

Reeds in 2008 het die Afrikanerbond, saam met ander rolspelers die rooi ligte van die Nasionale Demokratiese Revolusie gevaarlik sien flikker en was dit reeds duidelik dat Marxistiese en Sosialistiese ondertone sterk deur kom. Kosbare vryhede waaronder taal en eiendomsreg, veiligheid en vrye mark en vrye assosiasie was dadelik onder druk. Ons waarskuwings in die verband is as alarmisties afgemaak. Die bal is laat val.

Die oorgerustheid en oordrewe politieke korrektheid waarteen gewaarsku is, is skouerophalend begroet. Die gevaar is uitgelig dat deelname in goeie trou aan prosesse en beleidsraamwerke in werklikheid meesleuring
(Vervolg op p3)

Woord deur die Voorsitter (verv)

van ideologiese prosesse kan word. Helaas, is vryhede en regte stelselmatig as toegewings weggeteken. Die grondwet en spelreëls is onherkenbaar verbuig tot so 'n mate dat die onkantlyn nie meer geld nie en word dubbele standaarde toegepas. Almal, maar veral Afrikaners het op alle vlakke *kroonwild* geraak wat ongevaarlik gejaag word deur opportuniste en rewolusionêres selfs misdad en moordsindikate - soos wat pas ontbloot is. Die skokkende syfers van plaasmoorde hierdie maand getuig daarvan. Ons het al enkele jare gelede gemaan teen die politieke retoriek van sogenaamde rewolusionêre politici, omdat volgelinge nie beheer kan word nie.

Dit is duidelik dat hierdie lewenswyse en ongesonde klimaat nie langer geduld kan word nie. 'n Blote en hoogs tydige verandering in die leierskap van die land gaan nie die situasie noodwendig verbeter nie. Die los kanonne wat skynbaar onaantasbaar rewolusie predik, minderhede beledig en aanval en nie deur die bestaande strukture tot orde gebring word nie gaan nie gou verdwyn nie. Die land verval in 'n misdad paradys en niemand (behalwe moontlik Grace Mugabe) se veiligheid in hierdie land kan gewaarborg word nie.

Die skokkende syfers van plaasmoorde hierdie maand getuig daarvan. Ons het al enkele jare gelede gemaan teen die politieke retoriek van sogenaamde rewolusionêre politici omdat volgelinge nie beheer kan word nie.

In n artikel wat op 22 Augustus verskyn het met die opskrif *Behind our economic decline* skryf Russell Lamberti daar is “'n kroniese ideologiese siekte wat elke hoekie van die ANC se regering se beleid infekteer. Hy is oortuig daarvan dat om van Pres Zuma ontslae te raak jy nie ontslae gaan raak van die ANC se Marxistiese ideologie nie. Korruptie en kleptokrasie is 'n natuurlike en onvermydelike gevolg van Marxisme, en dat dit nie 'n gegewe is dat die ANC vrywillig van mag sal afstaan indien hy demokraties verslaan word nie. Elke moontlikheid bestaan dat die tegnokratiese sosialisme in Suid Afrika selfs sal verdiep.”

Ons het **die bal laat val** en staan die Afrikaner saam met ander dus weer soos telkens tevore aan die voor-aand van 'n vryheidstryd in ons geboorteland. Die Afrikanerbond sal as hoogste prioriteit saam met ander Suid-Afrikaners 'n teen-rewolusionêre werkswyse moet ontwikkel wat sy basis in 'n nuwe waardestelsel het om Vryheid en geregtigheid in die land te verseker.

Wees sterk. ❖

Deur watter bril word grondwetlike waardes beoordeel?

Deur Jan Bosman
Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

Sedert 1908 toe die Ford model T produksie begin het, tot in Mei 1927, is 15 miljoen van die gewilde motors vervaardig. In 1918 was die helfte van alle motors in die VSA Model T motors. Henry Ford sou by geleentheid in 1909 gesê het “Enige kliënt kan 'n motor laat verf in die kleur wat hy wil hê solank dit swart is.” Die aanhaling mag korrek wees maar die waarheid is dat die model in verskeie kleure uitgebring is, maar die ekonomiese werklikheid is dat swart die kleur is wat die vinnigste droog geword het in die produksielyn van die motor.

Die euforie van die eerste dekade is lankal verby en die era van nasiebou en “reënboognasie” moes plek maak vir skeltaal en groot verwydering.

Waarom die bogenoemde aanhaling? Die werklikheid vir Suid-Afrika is dat ons enige iets mag wees, solank ons inval by die patroon wat aan ons voorgehou word. Ons is nou reeds in die 23e jaar van demokrasie in Suid-Afrika. Die euforie van die eerste dekade is lankal verby en die era van nasiebou en “reënboognasie” moes plek maak vir skeltaal en groot verwydering.

Alhoewel nie volmaak nie, bied die grondwet voldoende ruimte waarbinne sekere waardes uitgeleef kan word. Die 1996 Suid-Afrikaanse grondwet bepaal dat “Suid-Afrika een soewereine demokratiese staat is, gebaseer op die volgende waardes:

- menswaardigheid;

(Vervolg op p4)

Deur watter bril word grondwetlike waardes beoordeel? (verv)

- die bereiking van gelykheid;
- die bevordering van menseregte en -vryhede;
- nie-rassisme en nie-seksisme;
- die oppergesag van die Grondwet en die heerskappy van die reg;
- 'n veelpartystelsel van demokratiese regering; (om verantwoordpligtigheid, 'n responsiewe ingesteldheid en openheid te verseker)"

Hierdie universele waardes is na 1994 ingeklee en uitgeleef deur 'n meerderheid Suid-Afrikaners, wat dit nie net ondersteun het nie, maar dit aktief bevorder het. In die kort era na 1994 was die algehele indruk dat die grondwet en sy waardes so geïnterpreteer kan word dat dit aan die behoefte van die middelgrondsoekende Suid-Afrikaners kon voldoen.

Waar die SA grondwet baie duidelik is oor die nie-rassige aard van die SA samelewing, word Suid-Afrika egter al hoe meer 'n samelewing wat deur rassegrense en rasbepalings gedefinieer word. Hiervan is regstellende aksie, swart ekonomiese bemagtiging, kwotas en vele meer, alles in die naam van transformasie, maar net simptomaties.

Waar die SA grondwet baie duidelik is oor demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte word dié demokratiese waardes daagliks ondermyn deur strydende faksies in die regerende party wat staatstrukture en staatsinstellings misbruik om interne geskille dienstig te wees. Ook fundamentele regte, soos eiendomsreg, word ondermyn deur onverantwoordelike eise tot nasionalisering van grond, myne en banke.

Waar die SA grondwet baie duidelik is oor 'n verenigde Suid-Afrika, met erkenning van diversiteit, word die diversiteit soms geminag en in baie gevalle selfs verdag gemaak. Hiervan is die negering van die grondwet se taalreëlings maar net 'n enkele voorbeelde.

Die interpretasie van die grondwet en waardes is oorgelaat aan diegene wat uitgediende ideologieë met mag en mening in Suid-Afrika wil toepas. Net soos Henry Ford in 1909 word die bril waardeur ons die waardes kan interpreteer aan ons voorgeskryf, deur die verstarde denke van Marxiste en sosialiste. Enige ander interpretasie word uitgemaak as rassisties, kolonialisties, teen-revolusionêr en 'n swetterjoel ander name. Dit is deur hierdie bril wat ons ons moet onderwerp aan radikale ekonomiese transformasie wat dan die oplossing sou wees vir "wit monopolie kapitaal". Ons perspektief word ingeklee deur dreigemente van grondbesetting omdat ons die grond sou gesteel het en dat ons op die gunste en genade toegelaat word om wel eiendom te mag besit. Dit is deur hierdie perspektief te aanvaar dat ons begin onderhandel oor die hoeveelheid grond wat ons moet weggee en nie dat ons die regmatige eienaars is van elke stukkie grond nie. Dit is hierdie perspektief waardeur ons deur politieke korrektheid toelaat dat tersiêre instellings verengels omdat die aandrag op Afrikaans ons plaas in 'n kategorie van rassisme. 'n Onlangse besprekingsdokument van die Afrikanerbond. "**Politieke Denkstrome in Suid-Afrika 'n Soeke na rigting**" probeer ons vanuit ons perspektief, of met 'n ander bril as mens dit so wil stel, kyk na 'n alternatiewe benadering waarmee ons glo daar nuwe interpretasie kan kom van die grondwet en die waardes. Uit die perspektief wat geneem is vanuit die internasionale Christen Demokratiese tradisie word die volgende politieke oortuigings en doelwitte dan gestel:

- "Die erkenning van 'n vrye en konstitusionele demokrasie as die enigste politieke sisteem waarbinne die basiese Christelike waardes van die mens gerealiseer kan word.

Die interpretasie van die grondwet en waardes is oorgelaat aan diegene wat uitgediende ideologieë met mag en mening in Suid-Afrika wil toepas.

- Die wetlike reg om politieke, ekonomiese en persoonlike selfverwesenliking na te strewen inagneming die verantwoordelikheid teenoor ander.

- Die aanvaarding van verantwoordelikheid en die bereidwilligheid om dit te deel, die beginsel van politieke desentralisasie (subsidiariteit) en persoonlike verantwoordelikheid as superieur tot gesentraliseerde en outoritêre paternalisme.

- Solidariteit met die swakkeres in die gemeenskap as uitvloeisel van Christelike medemenslikheid."

Met dit in ag genome kan ons ons onself baie beter toerus en voorberei op die uitdagings van die dag. My perspektief, of die bril waardeur ek die grondwetlike waardes wil evalueer en uitleef word nie aan my voorgeskryf nie. Die keuse word nou aan my gebied om my eie evaluering te maak van die unieke behoeftes van die breë Suid-Afrikaanse samelewing en in die besonder minderhede en taal en kultuur gemeenskappe in Suid-

(Vervolg op p5)

Deur watter bril word grondwetlike waardes beoordeel? (verv)

Afrika, ons verstaan van die grondwet, die waardes daarin vervat en die praktiese realiteit vandag in Suid-Afrika.

Ons grondwet is hierdie jaar mondig. Die geskiedenis sal oordeel of die huidige grondwet tans in sy sterwensuur is en of hy in Suid-Afrika 'n tweede of selfs derde lewe kon kry?

Ons moet opnuut konsensus verkry oor die interpretasie van alle grondwetlike bepalings en voorskrifte, sodat die grondwet weer sy regmatige plek kan opneem as die hoogste reg waaraan beleid en openbare optredes getoets kan word. Konsensus beteken egter dat daar 'n middeweg gevind word tussen idees en stelsels en beteken dit nie 'n outokratiese afdwing van gesag nie. Hierin is konflik opgesluit en word individue en groepe en of gemeenskappe se vryhede aan bande gelê.

Met 'n onlangse internasionale studie van elke grondwet sedert 1789 is bevind dat die gemiddelde lewensduur van 'n grondwet net 17 jaar is. 7% van die grondwette bereik nie die ouderdom van twee jaar nie. In Afrika vergaan 'n volle 15% van die grondwette voor hul eerste verjaarsdag. Die gemiddelde ouderdom van grondwette in Afrika is maar 10 jaar.

Ons grondwet is hierdie jaar mondig. Die geskiedenis sal oordeel of die huidige grondwet tans in sy sterwensuur is en of hy in Suid-Afrika 'n tweede of selfs derde lewe kon kry? Ons moet met reg 'n mate van beklemming en ongerus ervaar. Abraham Lincoln het gesê: *“Don't interfere with anything in the Constitution. That must be maintained, for it is the only safeguard of our liberties.”* Ons regering het met tyd die gees en die goeie bedoelinge van die grondwet geërodeer. Die grondwet wat in die Mandela euforie opgestel is, het 'n regering wat in goeder trou handel in gedagte gehad. Niemand het kon dink dat ons 'n regering sou kry wat die grondwet as 'n lastigheid beskou nie.

Die redakteur van Beeld skryf op 20 Augustus 2017 in sy rubriek: *“Het enige politikus of party die laaste jare die verbeelding so aangegryp met nuwe rigtinggewende denke vir die eise van ons tyd dat iemand daarvoor regop gesit het? Suid-Afrika verdien beter politici en partye. Iemand sal moet opstaan en ingryp om die kreeftegang na 'n Zimbabwe- scenario te ontwyk. Die wêreldgeskiedenis het al telkens gewys dat nuwe rolspelers juis in krisistye na vore tree. Dit was ook telkens in ons land die geval. Tans verg dit baie moed en geloof om so iets uit die stofwolk van chaos na vore te sien tree. Wat wel seker is, is dat Suid-Afrika 'n nuwe idee kort.”*

Die nuwe idee is 'n ander bril of 'n ander perspektief waardeur ons Suid-Afrikaners tot ons reg kan kom. Net soos Henry Ford se gedagte om 'n keuse te bied maar voorskriftelik te wees oor die keuse is ons vasgevang in 'n maalkolk waaruit ons net nie kan ontsnap nie. Ons sal anders en nuut moet begin dink. ❖

Linkse ideologie opgesom in 12 O's

**Deur Flip Buys,
Voorsitter van die Solidariteit Beweging.**

Die onderstaande artikel wat in 2015 geskryf is het onlangs weer op die AB Nuusbrief redaksie se lesenaar beland. Met die vriendelike vergunning van Flip Buys word die artikel geplaas omdat dit vandag nog net so, indien nie meer relevant is nie.

Die linkse beweging in die wêreld het 'n stel eenvormige beginsels wat met klein klemverskille orals toegepas word. Hierdie beginsels is vir hulle belangriker as die werklikheid. Hulle wil gevolglik nie hulle beginsels by die werklikheid aanpas nie, maar probeer die werklikheid in hulle ideologiese dwangbuis inpers.

Dit verklaar hoekom linkses oor en oor dieselfde foute maak. Hulle ideologiese afgod kan tog onmoontlik 'n valse god wees; die werklikheid is veel eerder verkeerd en moet daarom getransformeer word om by hulle ideologie in te pas.

Die belangrikste kenmerk van sosialisme is dat dit 'n aggressiewe ideologie is waar teenstand tot 'n “heilige” oorlog kan lei en waar die utopiese einddoel die uiterste metodes regverdig.

Vir sosialiste is Marx die messias; Lenin is Paulus; Das Kapital is die Bybel; die uiteindelijke sosialistiese werkersparadys is die hemel; demokrasie is die eerste stap na sosialistiese saligheid; kapitaliste is die duiwel; die ongelukheid wat pri-

(Vervolg op p6)

Linkse ideologie opgesom in 12 O's (verv)

vaat besit meebring, is die sonde; die party is die kerk; partyamptenare is die priesterorde; andersdenkendes is die ketters; die konsentrasiekamp is die hel; en die klassestryd verteenwoordig die stryd tussen goed en kwaad. Die belangrikste kenmerk van sosialisme is dat dit 'n aggressiewe ideologie is waar teenstand tot 'n "heilige" oorlog kan lei en waar die utopiese einddoel die uiterste metodes regverdig.

Die linkses se 12 O's is die volgende:

1. Ongelykheid

Ongelykheid is die kernprobleem vir linkses, nie armoede nie. Sosialisme is in wese 'n gelykheidsideologie. Vir hulle is gelykheid nie om almal gelyk te behandel nie, maar om almal en alles gelyk te maak.

Dit is dus eerder 'n gelykmakingsideologie waarmee hulle almal wil dwing om gelyk by die wenpaal uit te kom in plaas van om aan almal 'n gelyke wegspring te gee.

Dit is dus eerder 'n gelykmakingsideologie waarmee hulle almal wil dwing om gelyk by die wenpaal uit te kom in plaas van om aan almal 'n gelyke wegspring te gee

2. Onreg

Net soos Marx, sien sy dissipels vandag nog enige vorm van ongelykheid outomaties as 'n onreg. As iemand minder het, is dit nie omdat hy swakker kwalifikasies of 'n laer pos het of iets wat sy skuld is nie. Ongelykheid word altyd gelykgestel aan 'n onreg – dis iemand anders se skuld. Daarom is sosialisme in wese blaampolitiek.

3. Opstand

Die linkses se resep vir die oplossing vir ongelykheid is gevolglik nie 'n beter pos, nog 'n kwalifikasie of jou eie besigheid nie, dis opstand! Die geskiedenis word gesien as 'n klassestryd waar die "werkersklas" die hoër klas met geweld moet onderwerp en dan verdruk in 'n "diktatuur van die proletariaat".

4. Opposisie

Marx was nooit aan bewind nie en sy ideologie is in wese net 'n "opposisie-ideologie" wat nie ontwerp is om te regeer nie. Daarom het die sosialiste nog altyd misluk as hulle probeer regeer het. Dis 'n "goeie" ideologie om die bewind mee oor te neem, maar dis 'n rampspoedige ideologie om mee te regeer. Sosialiste is gewoonlik goeie politici maar swak regeerders. Marx en sy dissipels het bitter min gedink en geskryf oor hoe die sosialisme nou eintlik behoort te werk. Daarom het sosialiste net nie die intellektuele ideologiese sagte-ware om te regeer nie. Die vereistes vir 'n suksesvolle oornam van 'n land bots ongelukkig reëlreg met die vereistes om die land suksesvol te regeer.

5. Omverwerp

Linkses wil nie die werklikheid verbeter nie, hulle wil dit omverwerp om 'n totaal nuwe werklikheid te skep. Die ANC se mislukking is in 'n groot mate hieraan te wyte. Hulle het alles afgetakel, van die staatsdiens, skole, dorpe en stede tot die polisie, universiteite, tegniese opleiding, plekname en landstale. Hulle kry dit egter nie weer opgebou nie. Die metode wat vir hierdie aftakeling gebruik word, is "transformasie", en ten spyte van die bewese mislukkings word dieselfde resep net oor en oor herhaal.

Dis óf die kapitaliste se skuld óf die kolonialiste, óf apartheid óf Jan van Riebeeck! Dis nie: "Wat het ons verkeerd gedoen en wat moet ons nou reg doen nie?"

6. Ontkenning

Daar word nie verantwoordelikheid vir foute geneem nie; dit word ontken en iemand anders word daarvoor geblameer. Dis óf die kapitaliste se skuld óf die kolonialiste, óf apartheid óf Jan van Riebeeck! Dis nie: "Wat het ons verkeerd gedoen en wat moet ons nou reg doen nie?" Dis: "Wie het dit aan ons gedoen en wat moet ons nou aan hulle doen?"!

7. Oorheers en onderdruk

Die "bevryders" word vinnig die regeerders en later die "oorheersers". Die politieke mag word eers betreklik demokraties bekom. Daarna word dit gaandeweg al meer outokraties aangewend om die regbank, die media, die opposisie, sakelui en minderhede te onderdruk. Die rede is eenvoudig omdat die ideologie so radikaal is dat onderdrukking nodig is om dit in werking te stel. Niemand doen byvoorbeeld vrywillig afstand van sy eiendomsreg om dit te "herverdeel" nie.

(Vervolg op p7)

Linkse ideologie opgesom in 12 O's (verv)

Dis nie 'n Christelike mededeelsaamheid van 'n vrywillige "myne is joune" nie. Die sosialistiese herverdeling is 'n gedwonge "joune is myne"-ideologie. Dít is nie gee nie dit is vat. Mense se swaarverdiende besittings word gevat met wette of geweld.

Die beloftes van sosialiste ken nie perke nie. Hulle dink mense moet "stem vir 'n lewe" en hulle wil nie hoor van "werk vir 'n lewe" nie.

Daarom eindig sosialisme altyd in armoede en onderdrukking van die burgers en werkers. Die "dienaars" word die heersers, want die ekonomie kan nie voldoen aan die beloftes wat die politiek maak nie.

8. Oorskat en oorlaai

Sosialiste sien die staat as die land se lokomotief, nie die besighede nie. Anders gestel: die staat is die broodwinner en nie net die huishoudster nie. Die beloftes van sosialiste ken nie perke nie. Hulle dink mense moet "stem vir 'n lewe" en hulle wil nie hoor van "werk vir 'n lewe" nie.

Die oorskatting van die staat se rol en vermoë om die regering se doelwitte uit te voer is kenmerkend van alle sosialistiese state. Die oorbelading van die staat lei gewoonlik tot die verval van die staat, omdat hy nie die vrag kan hanteer nie. Daarom is daar altyd 'n gaping tussen wat die regering wil doen en wat die staat kán doen.

9. Onderhou en onderskat

Hulle onderskat die oorsaak en omvang van die land se probleme. Omdat hulle die oorsake van armoede vereenvoudig tot net "onderdrukking" deur die vorige orde, werk hulle vereenvoudigde "oplossings" van die omkeer van die orde ook nie. Tweedens onderskat hulle die wil en vermoë van mense om hulle eie heil uit te werk. Sosialiste sien hul stemmers nie as aktiewe "burgers" nie, maar as passiewe, politieke passasiers aan wie die staat "dienste" moet lewer.

Die slagspreuk is dus nie "goeie regering" nie, maar "dienslewering". Hierdie politieke hongerdieet maak mense nooit versadig nie en hulle wil al meer dienste verniet hê en al minder daarvoor doen. Hulle sit en wag dat die staat alles vir hulle moet gee – werk, huise, toelaes, BEE-aandele en 'n "beter lewe vir almal".

Daarom verwag die linkses dat hulle die bevolking moet onderhou, en omdat dit verbruik aanmoedig en produksie ontmoedig, eindig dit altyd in armoede en onderdrukking van die produktiewe deel van die bevolking.

10. Ophef in plaas van ontwikkel

Linkses wil ongelykheid met kitsresepte soos welsyn en herverdeling "oplos". Volhoubare oplossings soos die verbetering van die skoolstelsel, ekonomiese groei en die ontwikkeling van die land klink vir hulle na te veel werk oor 'n te lang tyd. Wanneer hierdie kitsoplossings soos opheffing en werkskepping noodwendig misluk, word die sakelui of minderheidsgroepe geblameer. Hulle wil nie aanvaar dat werkskepping die gevolg is van ekonomiese groei gedryf deur goeie regering en deeglike opleiding nie.

Daarom is sosialisme in wese ontmagtigend, want mense word nie toegerus om vir hulself te sorg nie. Dis iemand anders se skuld dat hulle ongelyk is en dis daarom iemand anders se verantwoordelikheid om hulle op te hef. Hulle word immers wysgemaak dat hulle nie 'n aandeel het aan hulle probleme of die oplossing daarvan nie.

11. Onderverdeel

Die linkse resep is altyd om die koek te onderverdeel of herverdeel in plaas daarvan om die koek groter te maak. Die uiteinde is dat al meer mense later meeding om 'n al kleiner koek en dat daar soms net krummels oorbly om oor te veg. Die slagspreuk is "eerder bloei as groei".

12. Ondergang

Hel op aarde word veroorsaak deur sosialistiese ideoloë se projek om "hemel op aarde" te skep. Dit het orals waar dit probeer is uitgeloopt op armoede en onderdrukking. Die ideologie kan nie werk nie, omdat dit verbruik aanmoedig en produksie ontmoedig.

Hel op aarde word veroorsaak deur sosialistiese ideoloë se projek om "hemel op aarde" te skep. Dit het orals waar dit probeer is uitgeloopt op armoede en onderdrukking.

Sosialisme is altyd gewild in lande waar dit nie kan werk nie en onnodig in lande waar dit wel kan werk. ❖

Die demografie van wit Afrikaanssprekendes

Deur Prof Flip Smit

'n Artikel wat onlangs in Beeld en later ook meer uitgebreid op Netwerk24 verskyn het, het aandag getrek. "Wit Afrikaanssprekendes sal in 2030 – oor 13 jaar – na raming net 1,8% van Suid-Afrika se bevolking uitmaak. Teen 2050 sal hulle minder as 1% van die bevolking wees, skryf Flip Smit." Hierdie artikel bevat statistieke waarvan elke lid en elke Afdeling kennis behoort te neem. Met die vriendelike vergunning van prof Flip Smit en met erkenning aan Netwerk24 plaas ons graag die artikel.

Volgens vanjaar se middeljaarraming van Statistieke Suid-Afrika (SSA) tel die totale bevolking tans 56,5 miljoen. Die wit bevolking (4,5 miljoen) toon egter 'n volgehoue afname in absolute getalle, terwyl hul proporsie tot die totale bevolking verminder, terwyl vinnige veroudering ook plaasvind.

Dit het verreikende implikasies vir die wit bevolking oor die algemeen en vir die wit Afrikaanstaliges in die besonder. In hierdie artikel val die klem op die wit Afrikaanstaliges.

Die aanslag op Afrikaans was waarskynlik nog nooit so fel soos nou nie. Sommige kundiges is van mening dat Afrikaans se ondergang as openbare taal feitlik noodwendig tot die Afrikaners se verdwyning as 'n gemeenskap sal lei. Sedert begin vanjaar is Engels ook die amptelike taal by die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van die Vrystaat. Kenners is oortuig daarvan dat Afrikaans as onderrigtaal spoedig by al die historiese Afrikaanstalige universiteite sal verdwyn. Daarmee word meer as 7 miljoen mense met Afrikaans as huistaal die voorreg (reg?) ontsê om naskoolse opleiding in hul moedertaal te ontvang.

Dié ontwikkeling het veral gevolge vir die bruin mense wat 4,9 miljoen tel, van wie twee derdes Afrikaanstalig is. Dit veroorsaak dat dié bevolkingsgroep die laagste deelname aan universiteitstudie het. Sedert 1990 toon die prestasies van Afrikaanstalige bruin studente (meer as 50 000) ook 'n dalende neiging.

Hoe vinnig verminder die wit Afrikaanstaliges?

My ontleding toon 'n jaarlikse afname van 40 000 by die totale wit bevolking en 24 000 by die wit Afrikaanstaliges. Daar is waarskynlik jaarliks 10 000 meer sterftes as geboortes by wit Afrikaanstaliges. Die syfers verskil ietwat van dié van SSA.

Emigrasie van veral professionele wit Afrikaanstaliges duur voort en kry nuwe momentum. Vir die eerste keer emigreer meer swart as wit professionele mense. 'n Onlangse witskrif (28 Julie) van die regering oor internasionale emigrasie het ten doel "to harness the diaspora".

Teen 'n vermindering van 24 000 per jaar sal die huidige getal van 2,7 miljoen wit Afrikaanstaliges teen 2030 slegs 1,8 miljoen en teen 2050 minder as 1 miljoen tel. Daar word beklemtoon dat bevolkingsprojeksies aan baie veranderlikes onderhewig is, maar dit dui tendense en ordegroottes aan.

Teen 'n vermindering van 24 000 per jaar sal die huidige getal van 2,7 miljoen wit Afrikaanstaliges teen 2030 slegs 1,8 miljoen en teen 2050 minder as 1 miljoen tel.

In 'n land waar die ANC-regering alle samelewingstrukture omvorm en waar die demografie van die land van die werk- tot die speelplek weerspieël moet word, is getalle en veral proporsies belangrik. Die proporsie van wit Afrikaanssprekendes het van 11,4% in 1960 tot die huidige 6,0% verminder en teen 2030 sal dit tot 1,8% afneem. Teen 2050 sal dié proporsie waarskynlik minder as 1% wees. Die aantal wit Afrikaanstalige bejaardes is relatief hoog teenoor dié in die ouderdomsgroep jonger as 20 jaar.

Is dit net getalle wat tel?

Natuurlik is getalle die essensie van demokrasie waar "een mens, een stem" tel. Maar in 'n liberale demokratiese bestel eerbiedig die meerderheid die minderhede en sorg dat lewensvatbare skole en universiteite hierdie kultuurskatte tot die volgende geslagte oordra.

Die stelling kan gemaak word dat 'n aansienlike deel van die wit Afrikaanstaliges bo hul gewigsklas boks. Enkele voorbeelde word genoem.

(Vervolg op p9)

Die demografie van wit Afrikaanssprekendes (verv)

- Hoewel Afrikaanstalige hoërskole slegs 10,6% van alle hoërskole uitmaak, lewer hierdie skole 20,9% van die matrikulante wat in 2016 toelating tot Baccalaureus-graadstudie verwerf het.
- Dié skole se slaagpersentasie was 89,9% teenoor die land se gemiddelde van 70,5%.
- Van die 8 070 matrikulante wat wiskunde met onderskeiding geslaag het, het Afrikaanse skole 31,9% gelewer.

Die politiek gedrewe oorhaastige transformasie by die tradisionele universiteite is grootliks daarvoor verantwoordelik dat dié instellings op wêreldranglyste op 'n glybaan is.

- Van al die matrikulante met Afrikaans as vak het 5,1% onderskeidings behaal. Dit is die hoogste persentasie van die vyf grootste huistale in die land. In Engels is die syfer 4,4% en in Zoeloe 3,6%.
- Op universiteitsvlak presteer Afrikaanstalige studente buitengewoon goed.
- Maatskappye soos Naspers, Remgro en Sanlam is deur Afrikaanstaliges gestig.
- Talle groot maatskappye het uitvoerende hoofde wat uit huis uit Afrikaanstalig is en aan historiese Afrikaanstalige universiteite gestudeer het.
- Op wetenskaplike gebied het Afrikaanstaliges groot bydraes gelewer, onder meer met die stigting van Unisa, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), die Nasionale Navorsingstigting (NRF), en die ontwikkeling van kern-krag.

Kan dié bydraes van die verlede en die huidige enorme bydraes ontken of deur oorhaastige transformasie gekortwiek en selfs vernietig word? Transformasie by universiteite is noodsaaklik. Die politiek gedrewe oorhaastige transformasie by die tradisionele universiteite is grootliks daarvoor verantwoordelik dat dié instellings op wêreldranglyste op 'n glybaan is.

Demografiese terugslae by wit Afrikaanssprekendes

Die volgende gebeurtenisse het groei geknou:

- Die Anglo-Boereoorlog (deesdae bekend as die Suid-Afrikaanse Oorlog) waartydens meer as 26 000 vroue en kinders gesterf het
- Die Groot Griep van 1918 het amptelik 11 720 wit sterftes veroorsaak.
- Die Tweede Groot Trek na dorpe en stede wat ná die ontdekking van diamante en goud begin en veral met versnelde nywerheidsontwikkeling ná die Tweede Wêreldoorlog nuwe momentum gekry het.
- Teen 1960 was die geboortes by wit vroue nog ongeveer 3,5 kinders teenoor 6,3 by swart vroue. Voorbehoedmiddels, vroue se deelname aan die arbeidsmark en toenemende welvaart het die geboortekoers dramaties laat daal.
- Afrikaners het volgens prof. Floors van Jaarsveld Suid-Afrikaners geword.
- Politieke onstabieliteit in Suider- en Suid-Afrika sedert die 1970's het veroorsaak dat die geboortekoers by wit mense tot onder die vervangingsvlak van gemiddeld 2,1 kinders per vrou gedaal het.

Demografiese momentum, wat soos 'n brander wat breek 'n golf veroorsaak, lei daartoe dat absolute dalings in getalle eers ongeveer tien jaar gelede begin het.

Swart mense se aanwas bly relatief hoog, en dié vlak lê tien tot 15 jaar in die toekoms.

- Die emigrasie van wit professionele Afrikaanstaliges in die ouderdomsgroep 24 jaar tot 35 jaar was demografies 'n ramp. Prof. Lawrence Schlemmer het geraam dat van 1990 tot 2010 750 000 Afrikaanstaliges geëmigreer het.

Dié proses kry weer nuwe momentum.

'n Geestelike of Derde Trek

Die Afrikaners het die Groot Trek van 1838, asook die Tweede Groot Trek na die dorpe en stede taamlik goed verwerk.

Die verlies van politieke mag en invloed op baie terreine ná 1994 en 'n krimpende demografiese basis word deur baie (miskien die meerderheid?) wit Afrikaanssprekendes moeilik aanvaar en verwerk.

Die emigrasie van wit professionele Afrikaanstaliges in die ouderdomsgroep 24 jaar tot 35 jaar was demografies 'n ramp. Prof. Lawrence Schlemmer het geraam dat van 1990 tot 2010 750 000 Afrikaanstaliges geëmigreer het.

Talle onttrek hulle toenemend aan politieke, maatskaplike, kulturele en kerklike verantwoordelikhede.

(Vervolg op p10)

Die demografie van wit Afrikaanssprekendes (verv)

Ontdaan van versekerde loopbane in staatsinstellings, het baie entrepreneurs geword, werksgeleenthede geskep en welvarend geword.

Danksy beleggings, veral in die buiteland, het baie finansiëel onafhanklik geword.

Nuwe lewenstyle ontwikkel binne sekuriteitsgebiede of agter veiligheidsheininge. Politieke korrektheid of die pad van die minste weerstand word dikwels gevolg.

Daar is egter ook 'n stabiele groep wat die demokrasie aanvaar en verwelkom. Hulle is soms bekommerd, maar nie neerslagtig nie. Dié groep handhaaf hul identiteit, is trots op kultuurskatte en lewer onbaatsugtige diens aan skole, kultuurorganisasies en die breë samelewing.

Dié groep handhaaf hul identiteit, is trots op kultuurskatte en lewer onbaatsugtige diens aan skole, kultuurorganisasies en die breë samelewing.

Die bydraes van hierdie wit Afrikaanstaliges via finansiële instellings of op persoonlike vlak ten einde die welsyn van alle mense – ongeag ras, kleur of geloof – te verbeter, word nie aan die groot klok gehang nie. So doende maak wit Afrikaanstaliges hulself, niesteenstaande krimpende getalle, toenemend onmisbaar.

§ Prof. Flip Smit doen navorsing oor demografie

Volgens 'n berig op Netwerk24 op 30 Maart 2017, het 'n verslag van Statistiek Suid-Afrika (SSA) wat toe bekend gemaak is, aangedui dat "Suid-Afrika se bevolking wat ouer as 60 jaar is, in die vyf jaar tot 2016 met 9% tot 4,5 miljoen mense toegeneem het. Die bevolking ouer as 60 jaar verteenwoordig nou 8,1% van die bevolking vergeleke met 2001, toe hulle 7,3% van die bevolking verteenwoordig het." Met dit in ag genome moedig ons graag lede en afdelings aan om die saak te bespreek veral met die samevatting in die artikel van prof Smit oor die stabiele (maar ouerwordende) groep wat nog steeds 'n enorme bydrae lewer.

Kommentaar en insette kan gestuur word kommentaar@abond.co.za ❖

“Arrogante wittes”, rassiste en tsotsi's

Deur Herman Toerien

“Wit mense raak toenemend arrogant,” aldus 'n “bevinding” van 'n saamgestelde ANC-komitee van die Vrystaat en KwaZulu-Natal. As toegif is darem bevind dat nie alle wittes rassiste is nie. So iets sou nie sonder reaksie gelaat word nie, en waarskynlik die beste reaksie kom van Volksblad se rubriekskrywer, Charles Smith, onder die hofie, *Wittes in SA te arrogant, kla Zuma se ANC's*. “Ek sou baie versigtig met só stelling

Elke dag sien ons die grusaamste geweld in die howe deur alle mense. Maar as onverantwoordelike leiers begin om vir politieke opswepery vingers na net sekere groepe te wys, gaan ons net meer geweld sien.

wees as my president tot R100 miljard se skade aan die land aangerig het met staatskaping alleen – én duisende vroue en kinders elke jaar vermoor en verkrag word onder sy leierskap. Ons verloor die oorlog teen geweld. Ons is gekoop deur Guptas, tsotsi's en vrot politici. Ons is letterlik 'n gekaapte moordstaat gelei deur 'n gekaapte, arrogante president. Ons verloor elke dag vroue en kinders. Ons as land is skuldig aan aaklige geweld, femicide en rassisme. In hierdie oorlog is ons nie swart, wit en bruin nie. Elke dag sien ons die grusaamste geweld in die howe deur alle mense. Maar as onverantwoordelike leiers begin om vir politieke opswepery vingers na net sekere groepe te wys, gaan ons net meer geweld sien. Die gevaar vir politici is dat hoe meer ons in 'n wettelose staat verval, hoe meer

gaan vigilante aanvalle teen die vrot politici uitvoer wat die land verkwansel het en mense laat honger ly. Die boodskap vir die ANC-konkelaars is duidelik: Lig julle vingers en begin werk.”

Die opmerkings van die ANC is erg pikant, teen die agtergrond dat Zuma al self verskeie klagtes van haatspraak en rassisme by die windslukkende Menseregtekommissie op die lyf geloop het. Die werklike kern van die probleem is onewehandigheid, op rassegrondslag, van haatspraak en rassisme sodat AfriForum en Solidariteit reeds hieroor internasionale forums genader het – iets wat die Menseregtekommissie erg gesteurd, maar blatant stompsinnig, laat reageer het.

Trouens, die hantering van die rassekwessie neig klaarblyklik ook oor om die regbank, wat oor die algemeen nog baie vertroue in Suid-Afrika inboesem, ook te laat kleitrap. Die werklike probleem is dat onewehandig-

(Vervolg op p11)

“Arrogante wittes”, rassiste en tsotsi’s (verv)

heid griewe verdiep, en dat die segment wat aan die korste ent trek, ongelukkig sal wees, en al meer ongelukkig sal wees, sodat rasverblinde eenogiges dit seker as “toenemende arrogansie” sal ervaar.

Maar ... Suid-Afrika is nie uniek nie, en die weersin in die onewehandigheid is ook nie uniek nie. Ritse en ritse politiek-inkorrekte artikels sien die lig waaruit die wrewel duidelik blyk oor die onewehandigheid en gevolge, veral in Amerika.

Om terug te keer na die beskuldiging teen blankes in Suid-Afrika wat “toenemend arrogant” word. Is die ritse rasdiskriminerende wetgewing onder die vaandel van transformasie nie blatante institusionele provokasie nie? Is die ongelykhandige hantering van haatspraak en rassisme soos onder andere mildelik op die sosiale media voorkom, nie ’n vorm van institusionele provokasie nie? Is die gereelde boodskap dat swart mense “per definisie” nie rassiste kan wees nie, nie die toppunt van rassisme nie?

Die probleem van rassisme, hier, in die VSA en elders, gaan nié opgelos word deur eensydige skuldplasing, morele vrywaring en onewehandigheid nie.

Is die gekussing van Jacob Zuma deur die Zuma-faksie, en daarmee saam die aandrag op ’n heksejag teen ANC-LP’s wat hul grondwetlike reg uitgeoefen het om die mosie van wantroue in Zuma te steun, nie erg provokatief nie? Dit herinner aan die gepeupel se bandelose oproepe om bloed.

Seker die ergste manifestasie van gepeupel-gedrag was toe die Vryheidsfront Plus se verteenwoordiger in die Mogalkwena-plaaslike munisipaliteit (met Potgietersrus / Mokopane) as hoofsetel), ’n mosie die week ingedien het dat ’n minuut van stilte gehandhaaf word ter ere van ’n egpaar wat tydens ’n plaasaanval in die distrik vermoor is. Die EFF het haar egter uitgejou, ander het haar uitgelag en ander het niks gedoen nie. Berigte en ’n nuuskomentaar hieroor is besig om die “metertjies” uit hul ratte te laat hardloop.

Die probleem van rassisme, hier, in die VSA en elders, gaan nié opgelos word deur eensydige skuldplasing, morele vrywaring en onewehandigheid nie. Haal provokatiewe uitsprake uit die prentjie deur dit as deel van die probleem te beskou, en daar begin ruimtes te open waardeur die probleem effektief aangepak kan word.

Ten slotte, wys die Charlotteville-geval nie dat wakker geloop moet word met moontlike institusionele provokasie nie? In Kaapstad word De Waalrylaan se naam na ’n struggle-hero verander. Was dit wys teen die agtergrond dat Kaapstad nie net die tuisstad van sowat 3 miljoen mense is nie, maar die wetgewende hoofstad van die ganse nasie? Geoordeel aan die kritiek in die sosiale media gaan dit beslis nie goed af nie, veral in die lig van ander maniere om die probleem te kon voorkom.

Die gevalle genoem wys onbetwisbaar op die belangrikheid daarvan om dringend brûe te bou. Weer eens, geoordeel uit die sosiale kommentaar, voel baie dat dit te laat is, en dat eerder met aggressie op aggressie gereageer moet word. En elkeen kan sy klein deeltjie bydra om daardie brugges te bou.

Op die leiers (politici, sakelui en burgerlike bewegings), rus daar ’n groter taak naamlik om ook buite die persoonlike vlak brûe te bou. Oral gaan dit nie ewe maklik nie, soos byvoorbeeld met die deurlopende haatspraak van Black First Land First (BLF) se leier Andile Mngxitama. Sy onlangse uitsprake teen Jode is opruiende retoriek maar dit bewys net weer die ongelykhandige hantering van haatspraak en rassisme. Maar om minstens te probeer is al opsie. ❖

Swartland byeenkoms - Afrikaans in die weegskaal

Swartland se Indaba-ete word vanjaar op 11 Oktober 2017 in Malmesbury aangebied. Die toekoms van Afrikaans op universiteitsvlak is op ’n kantelpunt en 2017 kan ’n waterskeidingsjaar in Afrikaans se geskiedenis wees.

Indien Gelyke Kanse se hooggeregshofsaak vir gelyke beregtiging vir Afrikaans teen Stellenbosch nie slaag nie, sal Afrikaans progressief op Stellenbosch die onderspit delf teen Engels en sal dit progressief as skoolvak verdwyn. Uitspraak word oor ongeveer 6 weke verwag. Ons nooi dus graag alle Wes-Kapenaars en besoekers na Swartland se Indaba-ete wat op 11 Oktober 2017 in Malmesbury aangebied word, ongeveer dieselfde tyd as wat die uitspraak van die Hooggeregshof verwag word. Belangstellendes sal besonderhede in die Oktober AB Nuusbrief kan kry.

(Vervolg op p12)

Swartland byeenkoms - Afrikaans in die weegskaal (verv)

Die gasspreker by die geleentheid is, mnr. Danie Rossouw, Gelyke Kanse se opdraggewende prokureur in die hofsak. Hy gaan praat oor die Grondwetlike posisie van Afrikaans in SA:

- Wat die probleem is?
- Wat die stand is?
- As ons nou iets kan en moet doen om die voortbestaan van ons taal te beveilig, wat is dit?

Adv Jan Heunis, advokaat van Gelyke Kanse en voormalige US Raadslid, het dit so saamgevat tydens US se laaste konvokasievergadering. "Alhoewel die status van Afrikaans as onderrigtaal vanselfsprekend vir ons aan hierdie instelling van besondere belang is, is Afrikaans in die praktyk ook veel meer as bloot 'n amptelike landstaal en 'n taal van onderrig en studie."

"Alhoewel die status van Afrikaans as onderrigtaal vanselfsprekend is, is Afrikaans in die praktyk ook veel meer as bloot 'n amptelike landstaal en 'n taal van onderrig en studie."

"Ewe belangrik is die feit dat Afrikaans as 'n medium vir die oordrag van kulturele waardes onontbeerlik is. Dink mens na oor die gevestigde Afrikaanse letterkundeskatte en die vakkundige, sosiale, tegniese en religieuse woordeskat van Afrikaans in sy wonderlike verskeidenheid, kom jy agter dat die taal tekenend is van 'n ganse kultuur, simptome daarvan en onderliggend daartoe – en dat die uitsluiting van die taal terselfdertyd uitsluiting van die middel tot kultuuroordrag en -oorlewing moet beteken.

- In die saak teen US is Afrikaanssprekendes dit aan hulself en aan die mense van hierdie land verskuldig om:
- § te verseker dat die besluite om Afrikaans as onderrigtaal aan tersiêre onderriginstellings af te skaf of om dit te devalueer, omgekeer word
 - § te verseker dat die universiteite van hierdie land die verantwoordelikheid opneem om, universiteit vir universiteit, 'n inheemse taal tot volwaardige akademiese en wetenskapstaal te help ontwikkel.

Siebert Coetzee
Voorsitter : Afdeling Swartland Malmesbury.
E-pos: siebertcoetzee@gmail.com
Selfoon: 0832869209

Lede en afdelings word aangemoedig om nog steeds betrokke te raak by die fondsinsameling van Gelyke Kanse vir die saak teen die Universiteit van Stellenbosch oor Afrikaans as akademiese taal. Dit is in ons almal se belang.

Gelyke Kanse en 'n paar ander applikante se hofaansoek twat een die US ingestel is, is op 14 Augustus 2017 voor twee regters in die Wes-Kaapse afdeling van die Hooggeregshof aangehoor.

Bankbesonderhede:

Naam: Stellenbosch-Antwerp Trust

Bank: ABSA, Stellenbosch

Taknommer: 632005

Tjekrekening: 40-7258-3303

Donateurs kan ook vinnig en maklik hul skenkings aanlyn opstel op die bankveilige GivenGain-donasieblad, vanuit hul SA bankrekening of kredietkaart.

Ons dank aan verskeie Afdelings wat skenkings oorbetal het. ❖

Brokkies - Gelukwense

- Br Karel Tredoux van Gauteng-Noord is deur die Afrikanerbond benoem as Kategorie A1 lid van die direksie van die Voortrekkermonument en Erfenisstigting. Hy is tydens die AJV van die Voortrekkermonument en Erfenisstigting verkies tot die direksie. Dit is in die plek van Br Johan Mostert wat aangedui het dat hy nie weer herkiesbaar is nie.
- Br Louis du Plessis is deur die Afrikanerbond benoem vir die direksie van die Afrikaanse Taalraad. Tydens 'n verkiesing vir direkteure by die AJV van die Taalraad op 19 Augustus 2017 is Br Louis verkies.

Ons wens beide die nuwe direkteure sterkte toe in die werksaamhede van die belangrike instellings en is ons trots om op die wyse 'n bydrae te kan lewer tot die effektiewe funksionering van die instellings. ❖

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond
hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190